



## Waarom ons nie die Wet van God Gehoorsaam nie

Dis lekker om 'n goeie en gehoorsame seun of dogter te wees, is dit nie?

As ons gehoorsaam is, is mens sommer gelukkig. Jy kan dans en sing en speel.

Maar as jy stout was, is almal ongelukkig. Mamma is hartseer, Pappa is hartseer en jy is sommer ook hartseer. Niemand is meer gelukkig nie.

Hoekom is jy dan nie altyd soet en gehoorsaam nie?

Wel, dit is moeilik om altyd te luister en gehoorsaam te wees.

Grootmense is ook nie altyd gehoorsaam en goed nie.

Hoekom is dit dan so moeilik?

Dis moeilik omdat daar sonde in ons harte is. Onthou jy nog die verhaal van Adam en Eva?

Satan het na Eva gekom en vir haar gesê om nie na God te luister nie. En toe was Eva ongehoorsaam. Sy het van die vrug geëet waarvan God gesê het dat sy nie mag nie. Van toe af was daar sonde in die wêreld. Dit was die sonde wat God se pragtige skepping kom bederf het. En nou word elke babatjie met sonde in sy hart gebore. Elke seun en meisie het 'n sondige hart. En die grootmense het ook sondige harte.

Onthou jy nog hoekom God ons geskape het? Hy het ons gemaak om Hom lief te hê, om Hom te dien, en om vir Hom te lewe. En Hy belowe ons dat ons gelukkig sal wees as ons na Hom

sal luister, Hom sal liefhê en Hom sal eer en prys.

Maar die sonde wil ons altyd die verkeerde dinge laat doen. Die sonde wil hê ons moet ongehoorsaam wees. Die sonde in ons hart maak ons kwaad en lelik en selfsugtig. Die sonde kies die dinge waarvan ons hou, altyd eerste, en dan vergeet ons om eerste na God te luister, en Hom eerste te stel.

God se wet sê ons moet Hom bo alles liefhê en Hom eerste stel, maar ons sondige hart sê, "Nee, ek eerste!"

God se wet sê ons moet mekaar liefhê, maar ons doen dit nie soos wat ons behoort nie. Ons is selfsugtig.

Dis stout om selfsugtig te wees.

Dis stout om lelik te wees.

Dis stout om te jok, en om te steel.

Dis stout om nie vir Pappa en Mamma te luister en hulle gehoorsaam te wees nie.

Al hierdie stoute en verkeerde dinge is daar diep in ons hart. Stout en lelike gedagtes kom van diep uit ons hart uit. En dan doen ons wat ons wil doen, en nie wat God graag wil hê of Pappa en Mamma wil hê nie. In ons harte is die sonde baie sterk. Partykeer fluister Satan selfs in ons hart om ons te laat sondig, net soos hy vir Eva gesê het.

Dit maak ons hartseer om te dink dat die sonde, diep in ons hart, so sterk is. Dit maak ons hartseer om te dink dat alle mense teen God sonde doen.

### Gesels hieroor:

1. Hoekom behoort ons gehoorsaam te wees?
2. Hoekom is ons nie goed en gehoorsaam nie?
3. Wie kan ons help om weer goed en gehoorsaam te wees?

## **Die Bybel sê:**

*'Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie.'*

(Psalm 53:4)

Wat kan ons maak met die sonde wat in ons hart is? Daar is net een ding wat ons kan doen: ons moet vir God vra om al ons sondes te vergewe en al ons sonde uit ons hart weg te neem.

## **Wat ons kan lees:**

*Psalm 130*

## **God die Heilige Gees kan ons help. Sal ons vir God hierdie gebed sing?**

Ons is in skuld gebore  
En sonder U verlore -  
Vergeef ons al die kwade  
En toon ons u genade.  
Maak U ons hart, o HERE,  
Weer rein en tot u ere,  
En laat u Gees ons altyd lei  
Om naby U te bly.

## **Gebed:**

*O God, gee my asseblief 'n skoon en rein hart, sodat ek vir U mag lewe. HERE help my asseblief om gehoorsaam te wees. Ek kan dit nie alleen kan regkry nie, omdat my hart vol sonde is. HERE verhoor my tog om Jesus wil. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*